

**3 April Skrifgedeelte: Eksodus 19; Matteus 22:37-40; Handeling 2:1-8  
HK, Vraag 93**

**'n Pinkstermens is een wat vol van die Heilige Gees die wet van koning  
Jesus Christus onderhou**

In Eksodus 19 lees ons hoe Israel as verlost skare by die berg Sinai aankom en Moses die berg opklim na God toe, terwyl die volk onder bly wag. Dan lees ons van die tekens wat met die wetgewing gepaard gegaan het: vuur, stormwind en 'n harde geluid waardeur God se ontsagwekkende teenwoordigheid uitgebeeld is: God is hier, Hy praat met ons!

Toe, met die eerste Pinkster na die Paasfees waarop Jesus gekruisig is, was die feesgangers soos gebruiklik in Jerusalem bymekaar. Die Jode het by dié geleentheid ook die wetgewing by Sinai herdenk waartydens daar gepraat is oor die stormwind, die vuur en die groot geluid. Juis tóe was daar 'n herhaling van die drie ontsagwekkende tekens: die geluid soos van 'n geweldige stormwind; iets soos tonge van vuur en die spreekwonder in tale. Die Jode wat daar was kon onmiddellik die verband lê, naamlik dat die God van Sinai daar teenwoordig was, dat Hy sy wil op 'n ontsagwekkende manier bekend maak.

Hiermee is die Heilige Gees uitgestort. Die Heilige Gees sal in mense se harte woon – om die wet te onderhou! Hy sal die harte reinig, vernu en met krag vervul om albei tafels van die wet te onderhou, naamlik die tafel wat op ons verhouding met God betrekking het en die tafel wat oor ons verhouding met mekaar handel. Die wet is die model waarvolgens die Heilige Gees ons na Jesus se ewebeeld vernuwe!

Die kerk wat God se wet hoog ag is 'n ware pinksterkerk.

Wie God se wet onderhou en heilig lewe is 'n pinkstermens.

*Sing: Skrifberyming 26:1, 10, 11*

*Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*

~~~~~